GEREFORMEERDE KERK
AKASIA

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 21
14 JUNIE 2020

PSALM 100:2
Dien die Here met Blydskap

Lees: Matteus 7:24-29 **Kernverse:** Mt.7:24,26
Tema: My lewe op rots of op sand

1. Jesus Christus is aan die woord.
2. Die gelykenis – Die twee bouers
   Die huise wat hulle gebou het
   Die storms wat gekom het
   Die twee resultate van die bouwerk
3. Die geloofswaarheid wat Christus ons leer

Sang: Ps.48:1,5; Ps.71:9; Ps.86:6; Ps.71:1,2; Ps.89:1; Ps.18:1,14

MEELEWING

Ons bid vir al ons ouer lidmate, elkeen wat siek is tuis, elkeen wat elke dag met pyn moet saamleef, al ons lidmate wat onseker is oor julle werksituasie, almal wie nog nie kon begin werk nie, almal wie se inkomste minder geword het of wie se inkomste opgehou het, die kinders wat skool toe is en julle ouers en die onderwysers met al die onsekerheid oor die virus en die skooljaar wat julle moet klaar maak.
Ons gemeente se gebed is die woorde in Petrus se eerste brief, 1 Pet.5:10:
Mag God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.

VERJAARSDAE

14/06 Jacques Malan	B2	0605290891
Renett Roos	D3	0825605992
18/06 Tom Venter * (82)	D3	0824958883
19/06 Stander Malan	B2	0823790318

My woorde	God se Woord
Ek gee maar wat ek kan.	*"Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige. Maar julle vra: 'Waarvan moet ons ons bekeer?' Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes"* **(Mal.3:7,8.)**
Ek wil eers kyk hoe lyk my dinge vorentoe.	*"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee"* **(Mt.6:33.)**
My verpligtinge is op die oomblik net te veel.	*"Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: Om genoeg te hê om te eet sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee"* **(Fil.4:12,13.)**
Met die finansies gaan dit maar swaar op die oomblik.	*"God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer"* **(2 Kor.9:10.)**
Tye is moeilik en als is duur.	*"Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus"* **(Fil.4:19,20.)**
Ek kan nie nou my dankoffer gee nie, daar is eers ander verpligtinge wat ek moet nakom.	*"Daarom, so sê die Here die Almagtige: Neem ter harte wat met julle gebeur….Julle het 'n groot oes verwag, maar min gekry, en wat julle nog huis toe gebring het, het Ek laat verdwyn. Waarom? Vra die Here die Almagtige. Omdat my huis in puin lê, terwyl elkeen van julle hard besig is om aan sy eie huis te werk"* **(Haggai 1:7,9.)**

My dankoffer: Wat gebeur as ek nie my dankoffer gee nie?

Iets skort met my verhouding met God. My dankoffer gee ek aan die Here vir Wie ek liefhet met my hele hart, my hele siel, my hele verstand en al my krag. Wanneer ek nie my dankoffer gee nie, getuig dit dat ek God nie liefhet soos Hy van my vra nie.

Ek is ongehoorsaam aan die Here. 'n Dankoffer is 'n opdrag van God aan elke gelowige verbondskind. Ek is ongehoorsaam as ek my dankoffer aan die Here nalaat.

Wie aanhou oortree behoort getug te word. Die Here het die kerklike tug ingestel. Die tug moet bedien word aan die gelowige wat aanhou sondig ten opsigte van dankoffers.

Ek benadeel Christus se kerk. Ek gee my dankoffer, sodat die Here se Woord bedien kan word tot opbou van Christus se kerk. Wanneer ek my dankoffer nie gee nie, tree ek op tot nadeel van Christus se kerk.

Ek gee aanstoot. Daar is gelowiges wat uit liefde vir God aan Hom gehoorsaam is en gereeld dankoffers gee. Wie nie dieselfde doen nie, gee aanstoot, want die nalaat van dankoffers is sonde.

Ek tree tot oneer van Christus se kerk op. Dankoffers sorg dat Christus se kerk sy opdrag kan uitvoer. Wanneer ek my dankoffer nalaat, kan die kerk nie sy opdrag uitvoer nie. Dit strek die kerk tot oneer.

Ek verhinder die uitbou van die koninkryk van God. Dankoffers is nodig dat die Evangelie uitgedra kan word, sodat die koninkryk uitgebou word. Wanneer ek my dankoffer terughou belemmer ek die uitbou van die koninkryk van God.

Ek wil ontvang, maar is nie bereid om te gee nie. Die nalaat van dankoffers getuig van selfsug. Ek ontvang van die Here alles, maar ek gee nie my dankoffer aan Hom nie.

Iemand anders moet vir my deel sorg in die gemeente. Of ek my dankoffer gee of nie, die kerk moet uitgawes aangaan. Wanneer ek nie my dankoffer gee nie, moet iemand anders in die gemeente vir my deel sorg.

Ander gelowiges in ander gemeentes moet vir my betaal. Elke kerk het saam met ander gemeentes uitgawes in die kerkverband. Indien ek my dankoffer nie gee nie, moet ander gelowiges in ander gemeentes vir my deel instaan.

Ek benadeel medegelowiges. Wanneer ek my dankoffer nalaat, laai ek 'n las op medegelowiges in die gemeente wat 'n groter dankoffer moet gee, ter wille van my. So kom ek medegelowiges wat saam met my in die gemeente is, te na.

GESOEK: SELFOON VIR 'N LIDMAAT

Een van ons bedlêende lidmate benodig 'n selfoon om met haar buite wêreld, familie, ens te kommunikeer. Die lidmaat is in 'n versorging sentrum en kan, vanweë die inperking maatreëls, nie besoekers ontvang nie. 'n Selfoon word dringend benodig sodat die lidmaat met andere kan kommunikeer. Indien u 'n spaar/oortollige selfoon het (al is dit net om te leen) kontak vir Floors Pelser (072 129 5923) asseblief.

ELJADA HUIS

As gevolg van soveel hulpbehoewende persone wat deur Eljada Huis bygestaan word en daagliks meer word is die tehuis nie meer net in die Moot, Claremont, Daspoort, Booysens en omliggende gebiede betrokke nie maar ook in die ander voorstede van Pretoria. Huidiglik word komberse, winterklere vir volwassenes en kinders dringend benodig. Kontak my (Franci Dreyer 082 5426369 of 012 5423562) asseblief indien u hiermee kan help en/of met nie- bederfbare voedsel, skoonmaakmiddels en ander huishoudelike items. Petro van Eljada Huis het aangebied om dit by my op te laai nadat ek skenkings gaan afhaal het of u kan hulle direk kontak. (Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont. Telefoonnommers: 012 377 0503 of Petro by 079 377 571)

RHODE ISLAND RED

BEDERF-MANDJIE VIR VADERSDAG

Mandjie 1: R350

250g boltong; 250g salami stokkies; 200g neute; 200g droë perskes; 200g vrugte stokkies; 200g corn chutney; 200g spicy mix

Mandjie 2: R450

6 pak bier; 250g boltong; 250g salami stokkies; 200g neute; 200g droë perskes; 200g vrugte stokkies; 200g corn chutney; 200g spicy mix,

Mandjie 3: R550

Dieselfde as Mandjie 1 plus 750ml wyn of whiskey;

Bestellings nie later as Maandag 15 Junie nie

Kontak: Vernon 0767545622
SP 0826878460